

Teelramme:

Kyk mooi na die konings in jou kudde

Deur Anri Strauss, diervoedingkundige, Chemunique

Soms is ons geneig om die voorbereiding van ons ramme voor die teelseisoen af te skeep. Is dit omdat hulle net sowat 3% van die kudde uitmaak? Of is dit dalk 'n geval van 'uit die oog, uit die hart'?

Die goeie (of swak) bestuur van ramvoorbereiding kan die teelseisoen en dragtigheidsyfers – en dus die plaas se kontantvloei – beïnvloed. Om die foute van die verlede te herhaal kan skade berokken, maar iemand het eendag hierdie wyse woorde geuiter: “Jy kan óf van iets af weghardloop, óf jy kan daaruit leer”. Kom ons leer uit ons foute en delf dadelik in 'n paar praktiese wenke vir ramvoorbereiding.

George Farm Vets in Malmesbury, Engeland, gee vyf wenke om ramme vir die teelseisoen gereed te kry. Dit behels die diere se tande, kloue, testikels, kondisie en behandelings.

Wenk 1: Tande

Ondersoek die ram se tande vir defekte soos oor- of onderbyte, want dit is 'n genetiese probleem wat uitskot vereis. Verder moet ouer ramme nog genoeg byt oor hê om te wei en tydens paring in goeie kondisie te bly.

Wenk 2: Kloue

Ondersoek die kloue vir krake of sere en ken 'n punt vir beweeglikheid toe, vóór die teelseisoen afskop. Dit is belangrik om te verseker dat ramme gemaklik kan loop ten einde die ooie te kan dek. Ramme wat pyn ervaar, sal nie hulle werk doen nie.

Wenk 3: Testikels

Meet die omtrek van die testes en kontroleer dit teen 'n gesonde, ouderdomsgepaste omtrekdoelwit. Voel beide testes om simmetrie en tonus te bepaal. Laat die veearts 'n teelgeskiktheidstoets doen



om die gehalte en volume van die ram se semen te evalueer.

Wenk 4: Kondisie

Paring verg baie energie. 'n Ram kan gedurende 'n enkele teelseisoen tussen 10 en 15% van sy liggaamskondisie verloor. Om te voer vir liggaamskondisie, semengehalte en immuniteit is belangrik, en daar moet op behoorlike voedingstofbalans, proteïengehalte en mineraalvoorsiening gefokus word.

Wenk 5: Behandeling

Ent ramme regdeur die jaar in om te verseker dat hulle gereed is vir die teelseisoen. Die laaste entstof moet minstens ses weke vóór die teelseisoen toegedien word. Dit laat genoeg tyd toe vir die ram se sperm om te herstel, sou hy 'n koorsreaksie ervaar. Gebruik die FAMACA®-metode om die kleur van ramme se oogslimvliese te beoordeel, en doen ook 'n miseiertelling om te verseker dat parasiete onder beheer is.

'n Laaste opmerking

Alles in die natuur word in 'n delikate balans onderhou, en om die natuur sy gang te laat gaan, is altyd die beste.

'n Mens wil egter die natuur ook die beste moontlike kans op sukses gee, deur teelramme vóór die teelseisoen te ondersoek en voor te berei.

Trouens, die voorbereiding van teelramme is só belangrik, dat dit die moeite werd is weer genoem te word. Dit hoef nie ingewikkeld te wees nie. Dit kan so eenvoudig wees as die opstel van 'n kontrolelys wat elke seisoen gevolg word. Dit alleen sal reeds goeie resultate verseker. **VP**



Anri Strauss (Pr.Sci.Nat. 115501) is 'n diervoedingkundige met 'n passie vir die verbetering van produksiestelsels op die plaas. Haar hooffokus is op mineraalvoeding vir skape en om praktiese oplossings vir dieregesondheid en -welsyn te implementeer. Sy werk vir Chemunique en boer saam met haar man met Boerbokke en beeste in die Vrystaat. Kontak Anri by anri@chemunique.co.za vir meer inligting.